



## UNIVERSITEIT STELLENBOSCH GEMEENSKAPSINTERAKSIEBELEID

*Ons bou volhoubare kennisvennootskappe met en in die gemeenskap*

### 1 Aanhef

1.1 Hierdie beleid is geformuleer in die konteks van transformasie in die hoërondwyssektor in Suid-Afrika en die visioenêre strategiese raamwerke van die Universiteit Stellenbosch,<sup>1</sup> wat 'n universiteit in die vooruitsig stel wat gekenmerk word deur lewendige interaksie tussen instelling en gemeenskap, tot voordeel van albei.

1.2 Die Universiteit Stellenbosch (hierna die Universiteit genoem) bestaan om die volgende drie kernfunksies uit te voer:

1.2.1 die ontdekking en uitbreiding van kennis (navorsing)<sup>2</sup>

1.2.2 die fasilitering van gehalte-onderrig en doeltreffende geleenthede vir leer (onderrig en leer)<sup>3</sup>

1.2.3 die bou van volhoubare kennisvennootskappe in en met die gemeenskap (gemeenskapsinteraksie [GI])

1.3 Die Universiteit streef daarna om 'n uitnemende, relevante en gemeenskapsinteraktiewe universiteit te wees wat daartoe verbind is om 'n beduidende rol in Suid-Afrika, in Afrika en wêreldwyd deur middel van sy kernfunksies te speel. In ooreenstemming met internasionale neigings neem die Universiteit aktief deel aan die plaaslike en internasionale ontwikkelingsuitdagings terwyl sosiaal robuuste kennis<sup>4</sup> geproduseer en burgerlikgeoriënteerde graduandi<sup>5</sup> in 'n demokratiese bedeling afgelewer word.

1.4 Die Gemeenskapsinteraksiebeleid bekragtig die Universiteit se verbintenis tot en verhouding met die verskeidenheid gemeenskappe waarmee hy in interaksie tree. Die beleid ondersteun die Universiteit se erkenning van sy bydrae tot die

---

<sup>1</sup> Strategiese Raamwerk 2000; Visie 2012 en Oorkoepelende Strategiese Plan 2008–2015.

<sup>2</sup> Sien US navorsingsbeleid.

<sup>3</sup> Uittreksel uit die US Leer- en Onderrigbeleid.

<sup>4</sup> Gibbons, M. 2006. Engagement as a Core Value in a Mode 2 Society. Referaat gelewer by die CHE-HEQC/JET-CHESP Kongres oor Gemeenskapsbetrokkenheid in Hoër Onderwys. 3–5 September 2006. Kaapstad.

<sup>5</sup> Bringle, R.G. & Hatcher, J.A. 2007. Civic Engagement and Service Learning: Implications for Higher Education in America and South Africa in Education as Change, Vol. 11(3).

ongeregthede van die verlede en sy verbintenis tot toepaslike regstellings- en ontwikkelingsinisiatiewe<sup>6</sup>.

## 2 Doel van die beleid

Die doel van hierdie beleid is om:

2.1 'n grondrede en konteks vir die Universiteit se GI-aktiwiteite te verskaf;

2.2 tot 'n konseptuele raamwerk en verheldering by te dra waarvolgens GI-aktiwiteite binne die Universiteit beheer en bestuur kan word;

2.3 die beginsels wat GI-aktiwiteite sal rig, te verwoord; en

2.4 die institusionele reëlings ten opsigte van struktuur en steun vir GI by die Universiteit uiteen te sit.

## 3. Grondrede, konteks en rol

### 3.1 Grondrede

Gemeenskapsinteraksie, as 'n kernfunksie van die Universiteit, bestaan om vennootskappe met gemeenskappe te onderhou en te bestuur, waardeur samewerking tussen gemeenskappe en die Universiteit bevorder word en die middele verskaf word waardeur albei partye aktief kennis kan ontdek, mekaar kan leer en van mekaar kan leer.

Dit word in die vooruitsig gestel dat dit sal bydra tot 'n omgewing waarin studenteleer verryk word en navorsingsrelevansie bevorder word. Dit ondersteun die institusionele verbintenis tot wederkerigheid, regstelling, ontwikkeling en transformasie.

### 3.2 Konteks

Die makrokonteks waarin GI-aktiwiteite plaasvind, is hoëronderrys- (HO-) raamwerke op internasionale, nasionale en institusionele vlak asook plaaslike, streeks-, nasionale en internasionale ontwikkelingsagendas:

3.2.1 **In 'n internasionale HO-konteks** aanvaar die Universiteit die “akademieskap van interaksie” (*scholarship of engagement*) (Boyer, 1990) as 'n model om 'n gemeenskapsinteraktiewe instelling te word. Volgens hierdie uitgebreide siening word akademieskap as vier oorvleuelende funksies verwoord: ontdekking van alle vorme van kennis; integrasie (verbindings oor dissiplines heen); toepassing as dialoog tussen teorie en praktyk; en onderrig.

3.2.2 **Op 'n nasionale HO-vlak** gee die Universiteit erkenning aan en is hierdie beleid ooreenkomstig die nasionale regeringsbeleidsraamwerke soos in die Witskrif

---

<sup>6</sup> US Strategiese Raamwerk vir die Eeuwisseling en Daarna. Maart 2000.

oor Hoër Onderwys (1997) verwoord, die gehalteversekeringsriglyne in die HEQC-dokumente<sup>7</sup> en die spesifieke riglyne van toepassing op gemeenskapsinteraksie en diensleer<sup>8</sup>.

**3.2.3 Op 'n institusionele vlak** lê die Missiestelling en die Strategiese Raamwerk van die Universiteit die grondslag vir die interafhanklikheid en integrasie van die drie kernfunksies van die Universiteit, naamlik onderrig en leer, navorsing en GI. Visie 2012 sit die vyf hooffokusareas vir die Universiteit uiteen, waarvan die fokus wat lui dat die Universiteit “'n aktiewe rolspeler in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing” is die mandaat vir die kernfunksie van GI verskaf.

### 3.3 Rol

In die formulering van die GI-beleid word erkenning gegee aan die toepaslikheid daarvan op die leer- en onderrig- en navorsingsbeleide van die Universiteit.

**Met betrekking tot ontwikkelingsagendas** rig die GI-beleid die Universiteit se aksies as:

3.3.1 'n aktiewe rolspeler in die burgerlike samelewing

3.3.2 'n belangrike vennoot van die industrie

3.3.3 'n plaaslike rolspeler in die plaaslike regering se Geïntegreerde Ontwikkelingsplan;

3.3.4 'n provinsiale rolspeler in die Provinsiale Ontwikkelingstrategie;

3.3.5 'n nasionale rolspeler in Nasionale Ontwikkelingstrategieë; en

3.3.6 'n internasionale rolspeler ten opsigte van die vernaamste Ontwikkelingstemas<sup>9</sup> wat uit die Millennium-ontwikkelingsdoelstellings voortvloei.

## 4 **Konseptuele raamwerk**

Ten einde verwarring te voorkom, word konsepte en terminologie wat in hierdie beleid gebruik word, en waarvolgens GI-aktiwiteite in die Universiteit beheer en bestuur sal word, verhelder en beskryf.

### 4.1 Gemeenskap

Die term **gemeenskap** dui op 'n sosiale groepering van die samelewing wat op enige gegewe oomblik in 'n interaksie betrokke is. Gemeenskap verwys na groepe

<sup>7</sup> Institusionele Oudiraamwerk & Institusionele Ouditkriteria, HEQC, Junie 2004; Kriteria vir Programakkreditering, HEQC, Nov 2004; Stigtingsdokument, HEQC, 2001

<sup>8</sup> A Good Practice Guide and Self-evaluation Instruments for Managing the Quality of Service-Learning (2006)

<sup>9</sup> Die bekamping van pandemiese armoede; die bevordering van mensesekuriteit (van voedselsekuriteit tot vredesinisiatiewe); die instandhouding en bevordering van menswaardigheid; die bevordering van demokrasie; en die bevordering en instandhouding van omgewingsvolhoubaarheid.

mense wat deur 'n gemeenskaplike ligging verenig is, of na groepe mense wat intellektueel, professioneel en/of polities verbind is; met ander woorde geografiese gemeenskappe, gemeenskappe van belang en gemeenskappe van praktyk. Hierdie breë definisie laat die Universiteit toe om op gemarginaliseerde groepe in die samelewing te fokus, terwyl ander gemeenskapsformasies terselfdertyd ingesluit word.

#### 4.2 Kriteria vir gemeenskapsinteraksie

Ten einde GI-aktiwiteite van onderrig en leer en navorsing te onderskei, moet sodanige aktiwiteite aan die volgende kriteria voldoen:

4.2.1 Die aktiwiteit moet interaktief aan 'n identifiseerbare groep in 'n gemeenskap buite die instelling gekoppel word.<sup>10</sup>

4.2.2 Interaksie moet aktief aan identifiseerbare behoeftes van sowel die Universiteit as die gemeenskap gekoppel word. Daar moet 'n duidelik geïdentifiseerde voordeel vir die gemeenskap en die Universiteit wees.

4.2.3 Die interaksie moet 'n volgehoue aktiwiteit in 'n wedersyds gedefinieerde verhouding/vennootskap wees.

4.2.4 Uitsluitlik onderrig- en leer- en navorsingsaktiwiteite wat nie 'n gemeenskapskomponent<sup>11</sup> insluit nie kan nie deel van GI wees nie.

#### 4.3 Gemeenskapsinteraksie


Die term **gemeenskapsbetrokkenheid** (*community engagement*) word internasionaal gebruik om die meganisme te beskryf waardeur onderrig en leer en navorsing in 'n universiteit se betrokkenheid by en in die samelewing geïntegreer word. Die Universiteit verkies die term **gemeenskapsinteraksie**, wat in wese dieselfde betekenis het as gemeenskapsbetrokkenheid, maar met 'n klem op wederkerigheid tussen die Universiteit en die gemeenskap. Die term sluit die kriteria wat in par 4.2 gelys is in, en beskryf in die breedste sin die proses van interaksie tussen die Universiteit en gemeenskappe.

#### 4.4 Tipes gemeenskapsinteraksie

Die Universiteit is deur sy Strategiese Raamwerk verbind tot die implementering van 'n integrerende benadering tot navorsing, onderrig & leer en GI, en gee daardeur uitdrukking aan 'n verbintenis tot die akademieskap van interaksie (*scholarship of engagement*). Die diagram hier onder stel die integrasie van GI met die ander twee kernfunksies voor. Hierdie raamwerk stel die Universiteit in staat om uitdrukking te gee aan verskillende vorme van sosiale verantwoordings op institusionele vlak. Die vier vlakke van integrasie dui die GI-tipologie aan, wat vir die klassifikasie van GI-aktiwiteite by die Universiteit gebruik kan word.

<sup>10</sup> Vir die doel van hierdie dokument beteken **instelling** studente wat vir formele programme by die Universiteit ingeskryf is en personeel wat in die Universiteit se diens is.

<sup>11</sup> Deel van die leeraktiwiteite van studente in 'n spesifieke module moet gemeenskapsgebaseerd wees en navorsing moet aktiwiteite met en in die gemeenskap insluit om as GI te kwalifiseer.



**Tip 1:** Integrasie van Onderrig en Leer, Navorsing en GI. In sommige buitengewone gevalle word dit bereik waar projekte aspekte van al drie kernfunksies integreer.

**Tip 2:** Integrasie van Onderrig en Leer en GI. Voorbeelde van hierdie soort GI is diensleer<sup>12</sup> en kortkursusse<sup>13</sup>.

**Tip 3:** Integrasie van Navorsing en GI. Voorbeelde van hierdie soort GI is kontraknavorsing, gemeenskapsgebaseerde navorsing en wetenskap-vir-die-samelewing-inisiatiewe.

---

<sup>12</sup> Diensleer is 'n vorm van gemeenskapsgebaseerde ervaringsleer en 'n kurrikulumgebaseerde, kredietdraende en sorgvuldig gestruktureerde opvoedkundige ervaring waarin studente

aan 'n georganiseerde GI-aktiwiteit deelneem wat geïdentifiseerde en ooreengekome gemeenskapsdoelstellings bereik, en

oor die diensaktiwiteit besin ten einde 'n grondiger begrip van module-inhoud, 'n breër waardering vir die dissipline en 'n verhoogde sin van sosiale verantwoordelikheid teenoor die samelewing as 'n geheel verkry (aangepas uit Bringle & Hatcher, 2007).

<sup>13</sup> Kortkursusse hou verband met deurlopende professionele ontwikkeling wat "net betyds"- en "net genoeg"-leer behels om aan 'n spesifieke behoefte in die werkplek te voldoen.

**Tipe 4:** Vrywilligersdiens en openbare diens. Voorbeelde van hierdie soort GI is studentevrywilligersdiens, openbare diens deur personeellede, gemeenskapsuitreike en vennootskappe.

## 5 Basiese beleidsbeginsels wat implementering rig

- 5.1. Op grond van hierdie beleid verwag die Universiteit van sy personeel en studente om te streef na 'n toepaslike integrasie van onderrig en leer, navorsing en GI deur vir 'n diversiteit van benaderings in verskillende omgewings voorsiening te maak. Die deurlopende herstrukturering van akademiese programme om GI en gemeenskapsgebaseerde navorsing in te sluit, word aangemoedig en versterk.
- 5.2. In ooreenstemming met die doelstellings van HO<sup>14</sup> sal voorkeur gegee word aan die leerervarings van studente. GI streef daarna om waarde toe te voeg, in sinergie met onderrig en leer en navorsing, en sodoende by te dra tot hul voorbereiding vir aktiewe deelname as Suid-Afrikaanse burgers in hul toekomstige loopbane.
- 5.3. GI word by die beoordeling van personeel ingesluit. Daar is aansporings en belonings in plek vir personeellede wat aktief tot die versterking van die Universiteit se rol in die gemeenskap en die suksesvolle implementering van die Universiteit se GI-beleid en -strategie bydra.
- 5.4. Die Universiteit is daartoe verbind om aan die kriteria, voorskrifte en bepalinge van die HEQC wat vir GI van HO-instellings<sup>15</sup> gestel is, te voldoen.
- 5.5. Die Universiteit gee erkenning aan die vrywilligerdiens in die gemeenskap deur studente en personeel as deel van inisiatiewe deur hul departemente, afdelings, koshuise en verenigings. Die voortsetting en outonomie van sodanige aktiwiteite word in die georganiseerde raamwerk wat deur hierdie beleid geskep word, ondersteun.
- 5.6. In die lig van die Universiteit se waardestelsel is 'n etiese kode<sup>16</sup> vir GI in plek as 'n afsonderlike dokument, en word dit deur hierdie beleid onderskryf. Die etiese kode vir GI maak voorsiening vir die waarneming van die etiese waardes van die verskillende professies en hul praktisyns wat aan die interaksie deelneem.
- 5.7. 'n Elektroniese institusionele GI-databasis word in stand gehou waarin alle GI-aktiwiteite eenvormig opgeteken en bygewerk word vir doeleindes van bestuur, monitering en koördinerings. Die registrasie van GI-projekte is

<sup>14</sup> Wet op Hoër Onderwys 1997. Sien ook die Witskrif 1997.

<sup>15</sup> HEQC Raamwerk en Kriteria vir Institusionele Oudits (2003), HEQC Raamwerk en Kriteria vir Programme (2003), Community Engagement in Higher Education – Verrigtinge van die kongres gehou deur die HEQC van CHE en die Gemeenskap – Hoër Onderwys – Diensvennootskapinisiatief van JET Education Services (2006), Accreditation, Service-Learning in the Disciplines: Lessons from the Field (2008)

<sup>16</sup> <http://www.sun.ac.za/gi/afrikaans/gi@us/beleidsdokumente.htm>

verplichtend, ongeag die verband daarvan met 'n akademiese program, en dien as 'n vereiste vir die benoembaarheid vir 'n toekenning of finansiële bystand asook vir departementele evaluering.

- 5.8. Alle GI-projekte of programme, hetsy intern of ekstern befonds, word ingevolge die finansiële beleid<sup>17</sup> van die Universiteit bestuur. Dit word aanvaar dat, vir die doel en implementering van hierdie beleid, gemeenskapsprojekte as 'n reël nie op volledige kosteverhalingsgrondslag bekostig word nie. Entrepreneuriese gemeenskapsinteraksies word in oorleg met die Uitvoerende Direkteur: Finansies en Bedryf gekoördineer.

## 6 Institusionele reëlings

### 6.1 Beheerstrukture

#### 6.1.1. Beheer op Senaatsvlak

Aangesien GI 'n kern- akademiese funksie is, is die beheer daarvan ooreenkomstig die Universiteit se Statuut die verantwoordelikheid van die Senaat van die Universiteit. Die Senaat het 'n vaste Gemeenskapsinteraksiekomitee van die Senaat (GIK[S]) gestig. Die GIK(S) se regulasies<sup>18</sup> stipuleer die samestelling en mandaat van die GIK(S).

Institusionele aansporings om GI te steun of te bevorder sluit die Rektorstoekenning vir Voortreflike Gemeenskapsinteraksie<sup>19</sup> en die toekenning van GI-vlagskipstatus in. Die Rektorstoekenning word deur die dokument "Reglement vir die Rektorstoekenning vir Voortreflike Gemeenskapsinteraksie"<sup>20</sup> gerig, en die GIK(S) ken GI-vlagskipstatus op grond van 'n lys kriteria<sup>21</sup> toe.

#### 6.1.2 Beheer op fakulteitsvlak

*Fakulteite en steundienste:* Fakulteite en steundiensafdelings maak in hul eie bestuursraamwerke voorsiening vir die inwerkingstelling van GI naas onderrig en leer en navorsing. Fakulteite en afdelings is verantwoordelik vir die beheer en bestuur van hierdie funksie ooreenkomstig die GI-beleidsraamwerk van die Universiteit. Hierdie omgewings hou self toesig oor die nakoming van die voorgeskrewe etiese kode in alle interaksies met die gemeenskap, en dat die belange van die gemeenskap gedien word. Fakulteite en steundiensafdelings maak in hul eie bestuursraamwerke voorsiening vir konsultasie met gemeenskappe deur strukture soos gemeenskapsadviesrade. Etiese kwessies wat nie op fakulteit- of afdelingvlak opgelos kan word nie, moet verwys word na die hoof van die Afdeling Gemeenskapsinteraksie. Nuwe

<sup>17</sup> US-tuisblad Finansies en Batebestuur

<sup>18</sup> <http://www.sun.ac.za/gi/afrikaans/gi@us/beleidsdokumente.htm>

<sup>19</sup> <http://www.sun.ac.za/gi/afrikaans/gi@us/beleidsdokumente.htm>

<sup>20</sup> <http://www.sun.ac.za/gi/afrikaans/gi@us/beleidsdokumente.htm>

<sup>21</sup> <http://www..sun.ac.za/gi/afrikaans/gi%20projekte/vlagskip.asp>

projekte of programme wat geïnisieer word, word deur die toepaslike fakulteit/afdeling goedgekeur voordat dit vir registrasie op die institusionele GI-databasis voorgelê word.

### 6.1.3 Beheer op studentevlak

*Studente:* GI onder studente word deur 'n vennootskap tussen die Studenteraad (SR), Maties Jool en Matie Gemeenskapsdiens (MGD) beheer. Sowel Jool as MGD word deur beheerrade beheer, terwyl die SR die hoogste liggaam van studenteverteenwoordiging by die Universiteit is. Die studente-organisasies is verantwoordelik vir die bestuur van hul eie GI-inisiatiewe ooreenkomstig die GI-beleidsraamwerk van die Universiteit, met ondersteuning en leiding deur die Eenstopdiens van MGD. Die studente-organisasies is self verantwoordelik vir die nakoming van die voorgeskrewe etiese kode, soos uiteengesit in die GI Etiese Kode <sup>22</sup> en die Studentereglement<sup>23</sup>, en nakoming word deur die Eenstopdiens van MGD gemonitor. Nuwe projekte of programme wat geïnisieer word, moet eers deur die toepaslike studente-organisasie onderskryf word voor dit by die Eenstopdiens van MGD geregistreer kan word.

## 6.2 Bestuur

Die kernfunksie van GI val in die Verantwoordelikeheidsentrum van die Viserektor (Gemeenskapsinteraksie en Personeel). Dit verseker noue samewerking tussen die bestuur verantwoordelik vir die kernfunksies van onderrig en leer, navorsing en GI.

### 6.2.1 Viserektor: Gemeenskapsinteraksie en Personeel (GI & P)

Die Viserektor (GI & P) aanvaar institusionele verantwoordelikheid vir GI.

### 6.2.2 Afdeling Gemeenskapsinteraksie

Die Afdeling Gemeenskapsinteraksie rapporteer aan die Viserektor (GI & P). Die Afdeling funksioneer as die primêre kern van die Universiteit se GI-funksie en vervul 'n ondersteunende, koördinerende, fasiliterende en bemagtigende rol. Die Afdeling implementeer nie self gemeenskapsprojekte nie. Die vernaamste personeelfunksies in die Afdeling is:

6.2.2.1 beleidsontwikkeling;

6.2.2.2 die bestuur van vennootskappe;

6.2.2.3 die bevordering van diensleer;

6.2.2.4 die instandhouding van 'n GI-databasis;

6.2.2.5 bemaking en bevordering van GI; en

<sup>22</sup> <http://www.sun.ac.za/gi/afrikaans/gi@us/beleidsdokumente.htm>

<sup>23</sup> US Jaarboek



6.2.2.6 die bestuur van die gemeenskapsentrum in Lückhoff-skool in Bankhoekweg.

## 7 **Monitering en evaluering van gemeenskapsinteraksieprojekte**

- 7.1. GI-inisiatiewe sal gerig wees op plaaslike, nasionale, streeks- en internasionale prioriteite in ooreenstemming met geïdentifiseerde behoeftes.
- 7.2. Alle gemeenskapsprojekte of -programme onder beskerming van die Universiteit moet op die institusionele GI-databasis geregistreer word.
- 7.3. Ten einde as 'n volledig geregistreeerde en goedgekeurde GI-projek van die Universiteit beskou te word, word 'n projek aan 'n aanvanklike goedkeuringsproses (gehalteversekering) onderwerp, wat die volgende stappe behels:
  - 7.3.1 Die databasisadministrateur in die Afdeling Gemeenskapsinteraksie keur die projek goed ten opsigte van volledigheid van inligting.
  - 7.3.2 Die departementshoof keur die projek goed ten opsigte van geldigheid en toepaslikheid in die departement, etiese nakoming en die inligting wat in die projekrekord vervat is.
  - 7.3.3 Die dekaan van die fakulteit keur die projek goed ten opsigte van geldigheid en toepaslikheid in die fakulteit, etiese nakoming en die inligting wat in die projekrekord vervat is.
- 7.4. Daar word van projekeienaars verwag om die besonderhede van hul projek jaarliks op die databasis op te dateer ten einde te verseker dat die inligting altyd toepaslik en akkuraat is.
- 7.5. Selfevaluering op fakulteits- en departementele vlak maak die belangrikste deel van die evalueringsproses uit. Daar word van elke fakulteit en departement verwag om kriteria vir selfevaluering te ontwikkel. Die Afdeling Gemeenskapsinteraksie sal hulp verleen waar nodig.
- 7.6. Jaarlikse projekverslae word aan departementshoofde of dekane voorgelê. Die geregistreeerde projek- of programleiers aanvaar verantwoordelikheid vir die voorlegging van hierdie verslae.
- 7.7. Die evaluering van GI-projekte vind plaas op grond van die kriteria wat deur GIK(S) ontwikkel is en deur die Senaat goedgekeur is (met inagnome van die kriteria wat deur die HEQC gebruik word). Die integrasie van GI met onderrig en leer en navorsing en interdisiplinêre samewerking tussen fakulteite/afdelings word aangemoedig en bevorder, ook wat die evalueringsproses betref.
- 7.8. Die GIK(S) sal gereeld uitnodigings aan fakulteite en afdelings rig om GI-inisiatiewe binne hulle omgewings te nomineer vir GI Vlagskipstatus, afhangende van die beskikbaarheid van sentrale US-fondse. Aansoeke sal deur die GIK(S) evalueer word op grond van kriteria wat vir hierdie doel deur

die GIK(S) ontwikkel word. GI vlagskipprojekte sal met gereelde tussenposes deur die GIK(S) evalueer word en voortgesette vlagskipstatus en befondsing sal afhanklik wees van 'n positiewe evaluering.

- 7.9. Terugvoeringsgeleenthede word in die vooruitsig gestel om gemeenskappe die geleentheid te gee om die Universiteit se GI-uitset te evalueer en die resultate daarvan te beoordeel.

## **8 Befondsing van gemeenskapsinteraksieprojekte**

- 8.1. Die Viserektor (GI & P) is verantwoordelik om te verseker dat die status van GI as 'n kernfunksie van die Universiteit weerspieël word in interne begrotingstoekenings en sal ook voorspraak daarvoor maak dat die GI-mandaat op 'n nasionale vlak befonds word.
- 8.2. Die Viserektor (GI & P) is in oorleg met die Afdeling Finansies verantwoordelik vir die gereelde hersiening en hersamestelling van die befondsingsbasis vir GI in die Universiteit. Fondsinsameling vir GI-projekte word ooreenkomstig die bepalings van hierdie beleid en in oorleg met die Stellenbosch Stigting gekoördineer en belyn.
- 8.3. 'n Jaarlikse begroting wat ooreenkomstig die doelstellings van die Afdeling Gemeenskapsinteraksie gestruktureer is, dra die Afdeling se uitgawes. Gemeenskapsprojekte word nie uit hierdie begroting befonds nie.
- 8.4. In die geval van vennootskappe met eksterne rolspelers, waar programme nie binne die finansiële stelsel van die Universiteit bedryf word nie, moet die Universiteit duidelik as mede-eienaar van die projek vermeld word, in welke gevalle die programme slegs in terme van gehaltebeheer geassesseer sal word.
- 8.5. Die finansiële bestuur van outonome organisasies wat deel vorm van die Universiteitstruktuur, sal die verantwoordelikheid van die betrokke trust of beheerraad wees, maar altyd ooreenkomstig die finansiële beleid van die Universiteit.